


2026

DIE KOORD

UNIVERSITEITSOORD



DS ANUSCHKA SMIT

NG Universiteitsoord is die uniekste gemeente wat bestaan. Kyk, as jy my vra, dink ek God trek NG Universiteitsoord bietjie voor — en ek sê dit met 'n glimlag en goeie bedoelings.

Unioord is 'n gemeente waar twee verskillende wêrelde saam bestaan. Die een kan nie sonder die ander nie. Die residensiële gemeente sorg vir die studentegemeente soos vir haar eie. En vir die studente is dit 'n huis weg van die huis af — 'n plek waar jy veilig en versorg kan voel.

Unioord is só uniek: ons sing in die oggend uit die Liedboek, met die orrel wat begelei. En in die aande sing ons uit volle bors: In die hemel is die Heer — met bas, viool, drom, fluit, klavier EN orrel. En dis nie al nie. Want in daardie selfde week hou ons sokkie in die kerk se voorportaal op Kurt Darren se *Kom ons dans op die tafels* (Ja... In die kerk se voorportaal.)

By Unioord is die reuk van koffie altyd in die lug — en deel van elke gesprek en vergadering. O, en hoe vergeet ek van Roman's Pizza en wyn? Kan ons asseblief 'n "shoutout" gee vir Roman's Pizza... miskien kan hulle ons begin borg, want ons koop maklik drie keer 'n week pizza by hulle — soms tot 20 bokse!

FEBRUARIE

NO. 715

By Unioord bestaan die kerkraad uit lidmate oor die 70 jaar oud, en lidmate wat nou net 19 of 20 geword het. Albei groepe is daar om die Here te dien, en om te sorg vir die omgee en voortbestaan van NG Universiteitsoord — 'n gemeente wat nou al 66 jaar bestaan.


66 jaar van verskillende dominees, en verskillende voete wat in en uit die kerk stap. 66 jaar van stories: pyn, lag en genesing. 66 jaar van God wat mense bymekaar hou, selfs al kom hulle uit totaal verskillende wêrelde.

Dis 66 jaar van jy stap deur hierdie twee massiewe deure in die kerk in... en dan skielik voel dit soos 'n bedrukte tunnel waardeur almal beweeg. Wanneer jy dan opkyk, besef jy: jy betree hierdie ongelooflike "katedraal" wat jou asem wegslaan. Jy kan nie anders as om God daar te ontmoet nie. Dan weer na die diens beweeg jy uit hierdie groot ruimte, terug deur die gang, terug deur die groot deure... en in die groot wye wêreld in — met 'n wêreld wat vir jou wag.

Ag jinne, dalk is ek maar *super biased* oor Unioord. Maar dis 'n gemeente waar ons die interessantste, lekkerste preekreekse kan aanbied soos — soos Boer soek 'n Vrou of The Sims reeks — waar daar altyd interessante dekor gebruik word (met goeie, verantwoordelike teologie natuurlik).

Unioord is die huis weg van die huis vir soveel studente van oral af: van Noord-Kaap tot Wes-Kaap, en ook al die pad van die kleinste dorpies waarvan ek nog nooit gehoor het nie. Dis 'n plek waar eerstejaarskampe 'n hoogtepunt is, en van daar af is dit die een preekreeks na die ander. Dis die opgewondenheid van beplan aan 'n kaskar, waar die pannekoek loop soos stroop en die wiele jaag om die draai van die kerkgebou. En weereens: sokkie. Sokkies is baie belangrik.

PREEKBEURTE



ALLE INLIGTING



Dis 'n gemeente waar die residensiële gemeente vir ons wysheid gee — en ons toelaat om te leer en foute te maak — maar waar hulle altyd daar is met ervaring, geduld, en 'n soort geloof wat jy nie kan namaak nie.

Dis 'n residensiële gemeente waar amper niemand regtig binne gemeentegrense bly nie: almal ry van ver af, selfs van Hartbeespoort, om die diens by te woon. Dis beslis nie vir die dominees nie (ek wens!), maar vir die musiek en die diepe ontmoeting met God.

Wat ek eintlik net by wil uitkom is: WELKOM aan elke nuwe leser asook elke lidmaat wat al lank deel is van hierdie plek.

Want ek glo as jy vandag hier lees, voel jy soos ek: jinne... ons word voorgetrek — EN DIT IS SOMMER BAIE LEKKKKER!!

NUUS UIT ONS GEMEENTE



Ons is trots op Alicia Bosman wat beroep is na NG Kerk Nelspruit! Ons is baie opgewonde saam met haar vir hierdie nuwe seisoen maar ons gaan haar ongelooflik baie mis.

SAVE THE DATE



WÊRELD BIDDAG VIR VROU

6 Maart 07:30 – 19:00

In die Kapel

Tema: Pêrels van Hoop

Kom op jou eie tyd en spandeer tyd
saam met God in gebed by elke bidstasie.

skuijskans
ng gemeente





'N UNIOORD PREEKREEKS

BEGIN BY DIE BEGIN

15 FEB - 22 MRT

PREEKREEKS
-BOEKIE





Ons gaan vanjaar die Bybel ook by die begin oopmaak. Genesis, die heel eerste boek van die Bybel, beteken letterlik "begin" of "bron" in die oorspronklike Grieks.

Ons gaan vanjaar die Bybel ook by die begin oopmaak. Genesis, die heel eerste boek van die Bybel, beteken letterlik "begin" of "bron" in die oorspronklike Grieks. Ons gaan lees uit die eerste 11 hoofstukke, wat bekend staan as die "oergeskiedenis", omdat hierdie stou stories die begin van die wêreld en die patrone van mense beskryf. Jy ken die verhare nog uit jou kinderbybel, maar ons gaan jou leer om nou as volwassene nuut hierna te kyk – dalk verbaas te wees oor die wonderlike verrassings en beloftes in die teks.

Ons gaan dus probeer om elk ons eie begin, die Bybel se begin en God as die begin bymekaar te bring oor ses weke:

WEEK 1 (15 FEB):

Wat skep God? (Gen 1)
– Anuschka Smit

WEEK 2 (22 FEB):

Nog een? (Gen 2
Skeppingsverhaal 2.0)
– Christian Oberholzer

WEEK 3 (1 MRT):

Vrot appel (Gen 3)
– Arno Meiring

WEEK 4 (8 MRT):

Oppas! (Gen 4)
– Anuschka Smit


WEEK 5 (15 MRT):

Vloek of seën (Gen 9) –
Christian Oberholzer

WEEK 6 (22 MRT):

Torings (Gen 11)
– Arno Meiring

Jy gaan ook vir God leer ken as die Begin van alles. My en jou storie begin by die Here wat ons skep, liefhet, vrymaak en versorg nog vóór ons daarvoor vra. Hy maak ons wie ons is (identiteit), en alles wat ons doen is maar net om vir Hom dankie te sê. Hierdie ding dat die Here ons kies voor ons Hom kan kies, noem ons die verbond: God sluit 'n verbond met ons, knoop Homself vas aan ons. Daarom kan Christene 'n bietjie ligter en vryer deur die lewe gaan.



RESIDENSIEEL JONGWERKENDES STUDENTE



Cara Smit



JC Maritz



Runé Steenkamp



Antoinette Swanepoel




Liné Swanepoel



Sovann Spangenberg




Elmé Vorster



Niel Smit



Lourens Nel





Leam Nieuwoudt



Ruan Joubert



Fred Pistorius



BEDIENINGSRAAD





Eerstejaarsdiens



Foto deur: Anneke Rheeder



Oppistoep buurgemeentes


Borg, Marcus J. 2012. *Speaking Christian: why Christian words have lost their meaning and power – and how they can be restored*. New York: HarperCollins.

Borg se uitgangspunt is dat elke godsdiens 'n eie woordeskat het. In die Christelike geloof het sekere woorde binne die “heaven and hell framework” 'n ander betekenis gekry as wat dit oorspronklik gehad het. Die raamwerk behels die geloof dat die doel van elke Christen se lewe is om die ewige lewe te verkry deur te glo dat ons sondes vergewe is omdat Jesus vir ons gesterf het. Die letterlike verstaan van die Bybel, of minstens die aanname “that the really important events happened more or less as described” (bl. 24) het ook bygedra tot verlies van betekenis. Borg propageer 'n histories-metaforiese benadering wat Bybeltekste binne historiese konteks lees, met die fokus op die betekenis wat tekste wil oordra, eerder as op feitelike akkuraatheid al dan nie. Hoofstukke 3 tot 24 bespreek sleutelbegrippe in die Christelike geloof vanuit hierdie perspektief. In hoofstuk 3 skryf Borg dat die begrip “redding”, in konteks gelees, selde in die Bybel na 'n hiernamaals verwys; eerder na bevryding van slawerny, terugkeer uit ballingskap, redding uit gevaar, vrede en so meer. Volgens hoofstuk 5 is daar regdeur die Christelike tradisie twee basiese sienings oor waarna die woord “God” verwys. Die een verwys na 'n wese anderkant die heelal, alwetend en almagtig, skepper. Die ander verwys na 'n “sacred presence all around us” (bl. 66). In terme van die eerste siening is God 'n persoon, met eienskappe, 'n wil en emosies, wat van buite ingryp in die heelal. In terme van die tweede siening is alles in God, maar Hy is meer as alles; in die woorde van Irenaeus (c. 125 – c. 202 n.C.): “God contains everything and is contained by nothing” (bl. 70). Borg skryf dat die natuurlike taal van aanbidding en toewyding dikwels na God verwys as 'n “personlike being” (bl. 73) maar ons moet vermy om God te reduceer tot 'n “supernatural being separate from the universe” (bl. 72). Borg wys daarop dat sienings van Jesus voor en na Pase verskil. Die mees algemene verstaan van Jesus se dood is dat Hy vir die mens se sondes betaal het deur in ons plek te sterf.

Volgens Borg is dit nie die oudste siening nie, kom dit nie in die Bybel voor nie, en was dit nie algemeen tydens die eerste duisend jaar van die Christendom nie. Die leer van Jesus se plaasvervangende dood gaan terug na St. Anselmus se boek van 1097, *Cur Deus Homo*, waarin hy die vraag behandel hoekom God in Jesus mens geword het. Die siening is nie per se ongeldig nie, maar dit is nie in lyn met die historiese konteks van Jesus se dood nie. Dit impliseer ook dat God in die eerste plek bestraffend is en dat Jesus se dood deel was van sy plan, al word dit voorgestel as 'n opoffering uit liefde. In hoofstuk 15 maak Borg kritiese opmerkings oor die algemene verstaan van Johannes 3:16 vanuit die “heaven-and-hell Christian framework” (bl. 162) en bied 'n alternatiewe interpretasie binne die konteks van die evangelie. In hoofstuk 22, oor belydenisskrifte fokus Borg op probleme wat mense ervaar met die Belydenis van Nicea van 325 n.C. Sy slotsom is dat die taal van die geskrif deels gevorm is deur antieke Griekse filosofiese denke. In ons tyd kan dit gesien word as “the language of poetry, mystical poetry, not the language of literal factuality” (bl. 209). Soos Nicea, is die leer van die Drie-eenheid 'n produk van die vierde eeu. In dié tyd het die woord wat as “persoon” vertaal word, verwys na die maskers wat akteurs in die teater gedra het. Met verwysing na die Drie-eenheid kan “persoon” dus daarop dui dat “the one God is known and speaks in three primary roles or ways” (bl. 214). Volgens Borg is Jesus as derde entiteit gevoeg by die tweevoudige siening van God as beide immanent en transendent omdat hy vir sy volgelinge “the decisive revelation of God” was; hulle het die “epiphany of God in Jesus” ervaar (bl. 213). Die doel van die boek is nie om teen tradisionele geloofsoortuiginge te polemiseer nie. Die waarde daarvan is dat dit lesers kan prikkel om na te dink oor kernbegrippe van die Christelike geloof, binne die konteks waarin dit ontstaan het.

ORREL

PROJEK





Ná amper 60 jaar se gebruik, was die orrel vol stof, vele parte opgebruik en het die orrel méér aandag as net jaarlikse stemme benodig. Ons is baie bly dat ons lang-beplande orrelrestourasie nou voluit aan die gang is. Archie Devere en sy span van Pipe Organ Specialists het in Desember van 2025 begin en hoop om April/Mei klaar te wees. Hulle het elkeen van die meer as drieduisend orreltype uit die orrelkas verwyder en versien elke pyp individueel. Terwyl hulle nog wag vir 'n paar onderdele uit die buiteland, het hulle reeds 1700 membrane vervang. Tans word daar aan die blaasbalge en die houttype gewerk. Binne in die orrelkamer is dit silwer skoon, die mure en houtstrukture is herstel, geverf en gepolitoer én daar is reeds 400 leersakkies geïnstalleer. Die pype moet nog herstel en skoongemaak word en die speeltafel opgeknop word. 'n Nuwe elektroniese beheersisteen, al die pad van Engeland, gaan die ou elektroniese dele vervang. Daarna moet die pype versigtig teruggesit word en heel laaste moet alles getoets, gestem en gebalanseer word.

Die klein leenorreltjie (wat nou op die liturgiese ruim staan) het 'n geskiedenis van sy eie: Dit was vroeër weggegooi vanweë probleme, maar Archie-hulle het dit gebruik om hulle eie elektroniese sisteem te ontwerp en te ontwikkel, wat intussen in Suid-Afrikaanse orrels geïnstalleer word. Ons hou veral van die register "Horn" op daardie orrel wat lekker hard klink en die hele kerk se ruimte vul. Die leenorrel het slegs 300 pype. Ons sien baie uit om weer te hoor hoe meer as 3000 pype saam met mekaar klink!

Baie dankie vir almal se geduld en ondersteuning in hierdie opwindende projek. Die orreltype gaan binnekort weer terug geplaas word. Ons kan nie wag om te hoor hoe mooi die orrel gaan klink nie!

Ligspore Potgooi: Orrels en orreliste - Dr Isabelle van Rensburg, voorsitter van SAKOV





MEER INLIGTING



linktr.ee/universiteitsoord

KONTAK ONS

Kerkkantoor:

066 408 0909

kantoor@unio.co.za

Maretha Minnaar

Finansies & Admin

Maryna Enslin

Bemarking & Kommunikasie

Predikante:

Arno Meiring

Tuisgemeente

082 807 4530

arno@unio.co.za

Anuschka Smit

Amicus - Dagstudente

072 599 0695

anuschka@unio.co.za

Christian Oberholzer

Meraki - Koshuisstudente

082 349 7317

christian@unio.co.za

DIENSTYE

Sondae 09:30 & 19:00

ADRES

Duxburyweg 105, Hillcrest, Pretoria, 0083



Is jy uitstедig?
volg ons dienste op

www.universiteitsoord.co.za/preekopnames

DANKOFFERS

NG Gemeente Universiteitsoord

ABSA

Tjekrekening

Takkode 632005

540 580 006

SnapScan



www.universiteitsoord.co.za

